Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 30 Jan 2019
Page: 7

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Charné Bosman het besluit om weer vanjaar met Lindsey Parry saam te werk om haar beste peil te bereik. Dit lyk of haar besluit reeds vrugte afgewerp het nadat sy die afgelope naweek se Johnson Crane-marathon in Benoni in 'n rekordtyd gewen het. Foto: REG CALDECOTT

Oud-Comrades-kampioen sê ouderdom is net 'n getal

Wilhelm de Swardt

Die voormalige vroue Comrades-kampioen Charné Bosman (Murray&Roberts) is besig om al die vooropgestelde aannames oor ouderdom verkeerd te bewys.

Die afgelope naweek het sy die Johnson Crane-marathon in Benoni die derde keer in vier jaar gewen.

Sy het boonop die roeterekord wat sy in 2016 opgestel het, met amper vier minute verbeter. Haar wentyd was 2 uur 44 minute en 55 sekondes.

Die vertoning is nogal erg indrukwekkend as in ag geneem word dat sy 43 jaar oud is. Daar is verwag dat sy as die "ouer dame van die langpad" op so 'n "gevorderde leeftyd" stadiger sal wees, maar die teenoorgestelde is aan die gebeur.

Vroeër vanjaar het sy 'n halfmarathon in 1 uur 19 minute afgenael. Dit is haar vinnigste tyd in amper vyf jaar.

Lindsey Parry (Tuks), wat Bosman vanjaar weer afrig, kan nie help om opgewonde te raak nie.

"Dit wil voorkom asof Charné nou vinniger is as in 2016 toe sy die Comrades gewen het. Ek twyfel nie dat sy nog vir 'n hele paar jaar daartoe in staat sal wees om goue medaljes by die Comrades te verower nie. Wie weet, op 'n goeie dag en met die regte oefening kan sy selfs wen," voorspel die Tuks-afrigter.

Volgens Bosman beteken ouderdom vir haar absoluut niks nie. "Ek dink nie eers daaraan dat ek 43 is nie.

"Daardie hongerte om te presteer is net so sterk as toe ek meer as 20 jaar gelede ernstig aan wedlope begin deelneem het. Ouderdom is beslis relatief.

"Die feit dat ek vir 'n nuwe klub hardloop, dra beslis by tot my motivering. Gedurende die naweek se wedloop het my klubmaats my deurgaans aangemoedig. Dit het daartoe gelei dat ek daardie bietjie vinniger hardloop. Ek dra my sege op aan elkeen wat my ondersteun het."

Bosman het besluit om Parry te nader om haar weer te help omdat sy glo sy verlede jaar foute gemaak het wat haar duur te staan gekom het.

"Dit gebeur te maklik wanneer jy op jou eie oefen dat 'n mens dinge oordoen, want jy glo meer is beter.

"Die grootste fout wat ek verlede jaar gemaak het, was om nadat ek die Loskop-ultrawedloop gewen het die volgende week my hardste oefensessies in te sit. Ek het 220 km gedraf en toe die prys betaal. Lindsey verstaan wat vir my werk en wat nie."

Parry is 'n groot voorstander daarvan dat daar 'n spesifieke doelwit moet wees elke keer as Bosman hardloop.

"In die opbou na die Comrades sal dit in party wedlope alles oor spoed gaan. Ander sal weer net tyd op die bene wees. Van die wedlope sal ook net harder oefensessies wees."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.